# Esegiël 17:1-24
# ONOPGELOSTE RAAISELS IN JOU LEWE?!

M G Swanepoel[1]

## A. EKSEGESE

### 1. Vorm:

Die perikoop (verse 1-24) bestaan uit *vier* gedeeltes:

a) verse 1-10: 'n poëtiese fabelspreuk
b) verse 11-18: 'n prosaïse historiese eerste verklaring van die voorafgaande fabel,
c) verse 19-21: 'n prosaïse historiese tweede verklaring van die voorafgaande fabel,
d) verse 22-24: afsluiting en toepassing van die voorafgaande in die vorm van 'n gelykenis waar bome en mense gelyk gestel word.


In vers 2 kry ons 'n aanduiding van die literatuursoort. Dit is 'n חידה (raaisel), 'n duister misterieuse raaisel/fabel wat geïnterpreteer moet word. Maar die חידה word ook verder gekwalifiseer as 'n משל (spreuk) wat eintlik die teenoorgestelde van die hdyt is, naamlik 'n openbaring of 'n gesegde. Die twee terme kom as parallelisme voor in Ps 49:5, 78:2 en Spreuke 1:6. Zimmerli (1979:361) noem verse 1-10 'n allegorie, met ander woorde daar is 'n diepere betekenis in die fabel opgesluit: 'n oppervlakte- en 'n dieptestruktuur.

Hierdie *verduisterings- en verduidelikingsmotief* loop soos 'n spieëlbeeld dwarsdeur die perikoop. Ons het hier 'n voorbeeld van 'n raaisel in die vorm van 'n fabel (1-10). 'n Fabel is 'n verhaal waar diere en bome optree soos mense. Daarna volg 'n eerste konteks-histories verduideliking van die raaisel/fabel (11-18), asook 'n tweede verklaring (19-21) ingelei deur לכן om alle onduidelikheid uit die weg te ruim. Dan volg die hoogtepunt (22-24), moontlik 'n latere toevoeging na die ballingskap as

1 Dr. M. G. Swanepoel, Ned Geref kerk Universiteitsoord, Pretoria, Posbus 11100, Brooklyn, Pretoria 0011.

toepassing en opsomming van die perikoop. Die perikoop loop duidelik met 'n spits na bo. Die spits (vv22-24) kan dan ook as teks by die prediking aangewend word.

Greenberg (1983:320) stel die uiteensetting van die perikoop as volg voor:




Die groot arend met die groot vlerke,
die lang vlerkpenne en die digte, bont vere
het na die Libanon toe gekom
en die top van die seder weggevat.
Hy het die boonste takkie afgepluk,
dit na die land van die handelaars toe gebring
en dit daar in die stad van die smouse gaan neersit.
Daarna het hy 'n steggie uit Israel gevat
en dit in die grond gesit
waar daar baie water was
en waar dit kon floreer.

Die steggie het gegroei
en 'n wingerdstok geword
wat welig was maar laag op die grond moes bly
met sy blare na die arend toe gedraai
en sy wortels onder hom.
Dit het 'n wingerdstok geword,
ranke gemaak en lote uitgeskiet.
Daar kom toe nog 'n groot arend
met groot vlerke en baie vere,
en die wingerdstok draai sy vlerke na dié arend toe
en stuur sy ranke in dié se rigting
sodat die arend vir hom nog meer water kan gee...

(Esegiël 17:3-8)

2. Beelde:

In die fabel gaan een beeld maklik oor in 'n ander beeld - die seder gaan oor in 'n wingerdstok. Die seder staan op die berge rondom Jerusalem. Ons vind in die fabel nog ander plante, naamlik 'n wingerdstok. Die druif is 'n teken van verlossing en oorvloed en daarom ook die aanduiding van baie water en goeie grond (v5), onontbeerlik in die woestyn.

Die seder en wingerdstok dui koningshuise (vgl ook Rigters 9:12 ev) aan en die koningshuise verteenwoordig weer die volk. Die arende dui vreemde konings aan maar dui ook op God omdat Hy die konings inspan vir sy werk. In Eksodus 19:4 en Deuteronomium 32:11 word Jahwe as 'n groot arend aangedui.

Israel staan soos 'n seder en skielik verskyn die donker skaduwee van 'n groot voël, 'n arend bokant die seder en maak dit seer en plant dit by 'n plek waar die arend regeer. Tog is dit 'n goeie plek sê vers 5 - daar was baie water en dit kon floreer al het dit laag gegroei.

## B. HERMENEUSE

Die prediker behoort sover dit moontlik is hom/haar te laat lei deur die hulpmiddels wat daar in die teks self geleë is. Esegiël 17 verskaf self die meeste van die hermeneutiese hulpmiddels wat nodig is om die teks goed te verstaan en te aktualiseer.

Die teks is 'n raaisel in 'n fabel vorm. Daar is 'n dualisme of 'n tweeslag wat deur die perikoop loop. Daar is die dubbele literatuuraanduiding: חידה en משל.

Hierdie raaiselagtige fabel wat Esegiël gee wil ons help om die lewe op die aarde - soos God dit sien - beter te verstaan: Die gedeelte werk in *twee's*: twee vorme: ('n raaisel en 'n fabel), twee arende, twee bome, twee interpetasies, twee literêre vorme (prosa en poësie), *twee gedaantes van God*: oordeel en genade. En *twee kante*: hoe die mense sake sien en hoe God sake sien.

Omdat die teks self die fabel binne 'n bepaalde historiese konteks plaas, is dit nodig dat ook aan hierdie saak aandag gegee word. Veral die *hoe* van die historiese verduideliking van die fabel is in hierdie verband van belang.

Die betekenis is duidelik: Israel word weggevoer na Babel deur Nebukadneser (die arend), maar in hierdie veranderde omstandighede is daar ook die goeie. Die Here laat dit toe want Hy wil Israel weer vasmaak aan Hom. Maar *die wingerdstok (koning Sedekia) draai sy wortels na iemand anders (Egipte) toe* - na 'n ander arend toe (v7) - die wingerdstok wil self probeer groot word - dít is 'n raaisel!

Verse 22-24 is 'n laat toevoeging tot Esegiël, na die ballingskap in 587 vC, na die oordeel toe die mense van Israel baie verloor het, die tyd toe die lewe vir hulle 'n raaisel was. Dit is 'n slotkommentaar oor die hele fabel en sy twee interpretasies. Dit is ook *die hoogtepunt*:

So sê die Here my God:
Ek vat die top van die hoë seder weg en plant hom,
Ek pluk die sagte boonste takkie af en plant hom op 'n hoë berg.
Ek plant hom hoog op die bergland van Israel waar hy
takke sal maak en saad sal skiet.
Hy sal 'n pragtige seder word,
en in hom sal al die voëls woon; al wat vlerke het, sal in die
skaduwee van sy takke nes maak.
Al die bome in die veld sal weet dat Ek die Here is.
Ek maak groot boeme klein en klein boompies groot,
Ek laat groen bome verdroog en droë bome bot.
Ek, die Here, het dit gesê en Ek sal dit doen.

(Esegiël 17:22-24)

# C. HOMILETIESE RIGLYNE

Soos reeds gesê is dit raadsaam om die literêre riglyne te volg wat die teks self neerlê. Die huidige fabel kan mondelings deur die prediker vertel word in eietydse taal of 'n ander eietydse fabel kan vertel word met aansluiting by die fabel in Esegiël. Fabels, soos enige iets anders kan gebruik word deur die Here. Dit is ook God se Woord. Die gesag van God se Woord hang nie af daarvan of iets wat beskryf word werklik presies só gebeur het nie, maar *hoe* die Here dit gebruik om met mense te praat. Hier praat God in beeldetaal, 'n taal wat ons TV-mense goed behoort te kan sien.

Ons het hier 'n voorbeeld van 'n raaisel in die vorm van 'n fabel. 'n Fabel is 'n verhaal waar diere en bome optree soos mense. Vir baie mense is *die lewe 'n raaisel*. Hulle lewe is so deurmekaar soos die stukke van 'n legkaart - dit maak nie sin nie. Dinge lyk soms deurmekaar: Hoekom gaan dit partykeer so swaar met my? Waarom moet ek weggaan na 'n nuwe skool net as ek 'n goeie maat gekry het? Waarom voel dit of dinge net nie wil regkom nie?

Wat beteken die raaisel in Esegiël? Dit is 'n moeilike gedeelte wat nie sin maak met die eerste oogopslag nie. Esegiël wil vir ons dinge van bo af beskryf. Hoe sien God dit wat op aarde gebeur? Ons kry hier die idee van God as 'n tuinier. Hy boer met plante. Hy het verskillende plante en bome in sy tuin.

Die eerste ding wat ons tref is dat die Here maak wat Hy wil. Sy wil seëvier op die ou einde. Net so min as wat 'n plant kan rondloop, net so min kan ons iets wees wat God ons nie wil laat wees nie. Die plant het ook 'n wil van sy eie. Dit sien ons uit die feit dat die plant in ons gedeelte tog hulle wortels wegdraai.

Dit is onmiddellik die vraag: waar draai jy jou wortels heen? En wat is die wortels van jou lewe?: Want dikwels daar waar ons nie kan sien nie, daar gebeur die dinge wat ons lewe bepaal. Party mense doen al die uiterlike dinge reg maar hulle bly ongelukkig. Dit is omdat hulle wortelstelsel siek is.

In ons fabel gaan *een beeld maklik oor in 'n ander beeld* - die seder gaan oor in 'n wingerdstok. Die seder staan op die berge rondom Jerusalem.

Ons vind in die fabel ook 'n ander plant, 'n wingerdstok. Die druif is 'n teken van verlossing en oorvloed en daarom ook die baie water en goeie grond (v5).

Die seder en wingerdstok dui koningshuise aan en die koningshuise verteenwoordig weer die volk. Die arende dui vreemde konings aan maar dui ook op God omdat Hy die konings inspan vir sy werk. Dat God vreemde konings gebruik is raaiselagtig, maar wat nog 'n groter enigma is, is die feit dat die mens tog die voordurende neiging het om sy rug te draai op die Here wat sy lot bestem.

Israel staan soos 'n seder en skielik verskyn die donker skaduwee van 'n groot voël, 'n arend bokant die seder en maak dit seer en plant dit by 'n plek waar die arend regeer. Tog is dit 'n goeie plek sê v5 - daar was baie water en dit kon floreer al het dit laag gegroei.

Die betekenis is duidelik: Israel word weggevoer na Babel deur Nebukadneser (die arend), maar *in hierdie veranderde omstandighede is daar ook die goeie.* Die Here laat dit toe want Hy wil Israel weer vasmaak aan Hom. Maar *die wingerdstok draai sy wortels na iemand anders toe* - na 'n ander arend toe (v7) - die wingerdstok wil self probeer groot word - dit is 'n raaisel! Maar daar is 'n nog groter enigma agter die skerms as net die koning se politieke optrede. Hierdie is maar 'n spiëelbeeld van menslike optrede in die algemeen. Nie net die koning nie, maar ook mense draai dikwels hulle rug op die Here. Ons kies eerder ander moontlikhede as om die wil van God te soek. Esegiël 17 wil ons help om te kyk na die lewe soos God na die lewe kyk, nie net op ons eie manier nie.

Ons help baie keer die raaiselagtige omstandighede aan in ons lewe deur verkeerde keuses, maar dan is ons gou om God te verwyt oor dit wat vir ons nie lekker is nie. Ons doen dit op die volgende maniere:

- Deur nie ons foute in die oë te kyk en voor die Here en ander te mense te erken nie, soos Sedekia.
- Deur nie tevrede te wees met wie ons is en met wat ons het nie.
- Deur nie tevrede te wees met die mense rondom ons nie.
- Ons dink dikwels aan ander mense as meer gelukkig, hulle het meer en daarom is dit beter.
- Ons kry dikwels onsself jammer en begin dan selfsugtig raak.

- Ons vergeet in 'n krisis maklik dat die Here weet wat Hy doen en toelaat in ons lewe. En so belemmer ons ons eie groei. Die Here wou die raaiselagtige omstandighede van die ballingskap gebruik om Israel nader aan Hom te bring, só wil Hy ook vreemde omstandighede in ons eie lewens gebruik om ons nader aan Hom te bring. Ons is geneig om te gou dinge as God se straf te beskou en te min as gelowiges die loutering en suiwering te verwag waarvan Jakobus 1:3 en 1 Petrus 1:7 in die Nuwe Testament praat.

Esegiël 17 se raaiselagtige fabel wil ons wys hoe *deurmekaar die lewe is sonder die Here.* Die een wat ons kan help om die raaisels van die lewe op te los is die Here. Hy help ons om die legkaart van die lewe in mekaar te pas. Op baie vrae ken net Hy die antwoorde en Hy gee dit ook nie altyd vir ons nie. Ons moet Hom vertrou dat Hy weet wat Hy doen.

Toe ons die deurmekaar stukke gehad het het ons nie geweet wat dit is nie. Iemand moes ons help om dit bymekaar te sit, iemand wat dit ken - die Here ken die los stukke, die raaisels van ons lewe. Daarom moet ons Hom vertrou veral die tye wanneer dit nie goed gaan met ons nie.

Verse 22-24 is 'n laat toevoeging tot Esegiël, na die ballingskap in 587 vC, na die oordeel toe die mense van Israel baie verloor het, die tyd toe die lewe vir hulle 'n raaisel was. Dit is 'n slotkommentaar oor die hele fabel en sy interpretasie, 'n addendum, maar ook die hoogtepunt. Nou moet ek en jy dink oor ons verhouding met die Here. Ons moet ook die fabel toepas op ons eie lewe.

Vers 22 tot 24 gee ons die oplossing: V22 sê as die Here by kom dan verander die dinge. Die lae wingerdstok in v6 word 'n hoë seder in v22. Die klem is op hoogte en op die hoë berg. Die hoogte word net bereik in die *Here se teenwoordigheid.* Daarom die groot klem op die "besef wie die Here werklik is" (vgl verse 21 en 24). Die *Erkenntnis*-formule kom nie minder as 54 keer in die boek Esegiël voor nie, naamlik "julle sal besef dat Ek die Here is". As jy regtig suksesvol wil wees, sal jy dit nie kan doen sonder die Here nie. En jy moet Hom toelaat om jou te plant waar Hy wil.

Die tweede ding wat met die seder gebeur is dit word *bruikbaar* in die Here se diens. Dit word 'n pragtige mooi seder, maar dit bied ook skaduwee aan al die voëls - so duidelik is Esegiël dat hy die woorde gebruik wat by die skepping gebruik is, al wat vlerke het - sonder aansien

des persoons - dit beteken elkeen wat op jou pad kom: Is dit iemand by die werk? Is dit die een wat jy al soveel keer by verbygeloop het sonder om 'n woordjie te wissel?

Hier gebeur nog 'n derde merkwaardige ding in die raaisel. As die Here by kom groei die seder so hoog dat dit groter as die voëls word wat in die begin die grootste is: onthou aan die begin is die arende groter as die bome en beheer hulle die bome. Nou is die bome so groot dat die arende soos klein mossies in hulle takke skuil. God laat ons *groter as ons vrese en bedreiginge* uitstyg. Jy kan God maar vertrou, Hy werk aan die legkaart van jou lewe.

As jy die Here genoeg toelaat in jou lewe, sal jy nie nodig hê om jou wortels na ander arende te skuif nie. Jy sal eintlik verby die arende wat jou bedreig groei saam met die Here. Jy sal eintlik aan hulle, jou vyande skuilplek bied. Dit is wat God vir jou kan doen: Jy groei groter verby jou vrese.

Die Here wil dat elke mens Hom sal ken en in 'n verhouding met Hom kom: "V24 - Al die bome in die veld sal weet dat Ek die Here is." *Net God kan jou bokant jou vrese, jou raaisels en jou ongeluk laat styg.* Die anderkant is ook waar: As jy jou probeer verhef teen die Here, as jy sonder God probeer lewe sal jy afgebring word. Al is jy 'n groen boom sal jy jammerlik verdroog. Maar dit wil die Here nie graag nie. Hy wil die deurmekaar legkaarte inmekaar sit. Gaan jy Hom toelaat om jou vandag bymekaar te maak?

Die "groen omgewing" waarbinne die gedeelte afspeel is ook nie te versmaai met die homiletiese toepassing nie. Hierdie gedeelte kan goedskiks gebruik word rondom die tema van groen erfenis of nasionale boomplantdag. Die ekologiese verwantskap tussen mens, boom en die Here kan ook aan die orde kom.

Die tema van "die eerstes sal laaste wees en die laastes eerste" is iets wat ons dikwels uit Jesus Christus se mond in die Nuwe Testament hoor. Esegiël 17:1-24 praat dieselfde taal as Jesus, natuurlik in die taal van destyds, maar vir vandag aktueel en eietyds: Die Here maak die kleintjies groot en Hy laat die grotes val!

## BIBLIOGRAFIE

EICHRODT W
1970. *Ezekiel a commentary*. London: SCM.

GREENBERG M
1983. *Ezekiel 1-20: a new translation with introduction and commentary*. Garden City, New york: Doubleday.

HOSSFELD F L
1977. Untersuchungen zu Kompositionen und Theologie des Ezechielbuches. Dissertation Universität Regensburg, München. Würzburg: Echter Verlag.

KOENEN K
1994. *Heil den Gerechten - Unheil den Sündern*! Berlin: De Gruyter. Lang, B. 1981. *Ezechiel*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

LUC A
1983. A theology of Ezekiel: God's name and Israel's history. *JETS* 26, 137-143.

SWANEPOEL M G
1987. *Die teologie van Esegiël 33 tot 39.* DD-proefskrif, Teologiese Fakulteit Ned Geref Kerk, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

SWANEPOEL M G
1993. Ezekiel 16: Abandoned child, bride adorned or unfaithful wife? *in*: Davies P R & Clines D J A (eds) *Among the prophets: Language, Image and structure in the Prophetic Writings.* 84-104 (JSOT supplement series 144)

ZIMMERLI W
1954. *Erkenntnis Gottes nach dem Buche Ezechiel - Eine Theologische Studie.* Würzburg: Echter Verlag.

ZIMMERLI W
1979. *Ezekiel 1: a commentary on the book of the prophet Ezekiel, chapters 1-24. Philadelphia: Fortress.*

**Van Wyk, J.H. 1993.** *God sorg en beheer. Die voorsieningheid van God in dogmatiese diskussie.* **Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A: 79. 48 bladsye.**

Die skrywer se oogmerk is om 'n voëlvlug-oorsig te gee van denke oor die voorsienigheidsleer, soos dit invloed het op die huidige teologie diskussie. In sy oriëntasie stel hy die siening van slegs enkele teoloë aan die orde - van Augustinus tot König. Opvallend is veral dat net een eietydse teoloog van internasionale faam hier behandel word, naamlik Jürgen Moltmann.

In 'n volgende afdeling gee hy 'n nuttige bespreking van afwykende beskouinge wat op die voorsienigheidsleer betrekking het - onder andere die monisme, fatalisme, kwiëtisme en optimisme.

Hy doen 'n evaluering aan die hand van 'n agttal stellings waarin hy hoofsaaklik kritiek lewer op die oorspanning van bepaalde motiewe in die nadenke oor die *Providentia Dei*.

Die boek kan gesien word as 'n nuttige oriëntasie in die problematiek van hierdie onderwerp, met sterk nadruk op die belydeniskarakter van die voorsienigheidsleer as geopenbaarde waarheid.

P.C.